

Vier Seisoene Kind

Lente

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 13 September 2026

Ontwaking ... die krag van nuwe drome.

Dis September. En as 'n mens nou, na die lang winter, buite loop, voel jy die lig verander, selfs nog voor jy 'n perskebloeisels sien. Dit word vroeër lig in die oggende. Daar is iets van die wonder van lewe. Ek kyk na my duiwepriemel. 'n Paar weke gelede het die arme ranke nog soos tragiese, droë, dooie hout en bas gelyk. Tog was daar iets wat die oog nie kan sien nie. Die plantkundiges praat van die primordium. Die embryo-weefsel wat begin vorm. En dan kom daardie eerste knoppie, die gemma, waarin die bloudruk van die blom is. Daarna die botswelstadium, die knoppie begin swel en verkleur. En dan ... die silwerpuntstadium, wanneer die eerste puntjie van die blom deur die bruin skubbe begin breek. En dis lente!

En voor jy weet, is daar groen blaartjies en bloeisel. Die oorwinning van lewe oor dit wat gelyk het soos die dood. Perskebloeisel en blare. Die mooiste groen vyeblare en klein knoppies vye. En hierdie jaar hoop ek my olyfbome sal dra. Daar is drie van hulle wat belofte toon, klein wit blommetjies.

Dis wat lente doen. Dit laat 'n mens droom oor wat kan wees.

En so is dit ook met die lente van die binneste. Daar waar ons nie droom oor appelkose en pruime nie, maar oor nuwe beginpunte in ons eie lewens. Nuwe bloeisel van hoop. Die eerste sprankies hoop dat dinge beter kan wees. Ons ken daardie lente-oomblikke: ek gaan optel wat ek begin verloor het, of verwaarloos het, of selfs iets waarvoor ek voorheen nie kans gesien het nie. Of dit waaroor ek dalk heeltemal moed verloor het. Die wonder van "miskien is dit moontlik, miskien die keer ..." 'n Verhouding, 'n dissipline, of om 'n slegte gewoonte te staak, 'n verslawing te oorwin, my toewyding aan die Here opnuut te verdiep, my liggaam, my gemoed ...

Lente se eerste ontwaking. Ek wonder of ons altyd besef wat die krag is van sulke seisoene van ontwaking, die bloeisel van moontlikhede.

Maar so lewegewend en lewensveranderend as wat dit kan wees wanneer ons ag gee op dit wat in ons binneste ontwaak, so verpletterend kan dit wees om net te vertoef in 'n nimmereindigende ontwaking. Asof die boom gemaak is om te blom en te blom en te blom. O ja, bloeisel is mooi, bloeisel is nodig, maar jy kan nie daarvan leef nie. 'n Bloeisel is nie 'n vrug nie. Dit is die aankondiging dat vrug moontlik is, maar nie 'n waarborg vir die oes nie. Dis 'n uitnodiging, nie net om met nuwe drome te leef nie, maar om tot nuwe aksie oor te gaan. Soos 'n boom wat sê, "As jy na my wortels omsien, water gee, voedsel gee, sal ek van hierdie bloeisel pruime maak."

"The beauty of spring is a gift that invites us into a deeper truth: that life is not just about the appearance of growth, but about the endurance of the roots." – Parker Palmer

In die lente in die natuur sien ons iets van hoe alle lewe is, ook ons lewe as volgelinge van die Here. Ons leer iets uit hoe God 'n boom maak om onder die grond dinge te doen sodat hy bo die grond vrug kan voortbring. Die lentebloeisel is net die mooie tussen-in. Dis nie die oorsaak of die doel nie. Lente is mooi en betowerend, maar dis vlietend, tydelik. Absoluut noodsaaklik,

ja – sonder die bloeisels sal daar geen bestuiwing wees nie – maar ons pluk nie bloeisels vir middagete nie.

Kom ons dink daarom vandag aan die lente van die hart. Die ontwakings van nuwe dinge.

1. Lente is 'n Seisoen van Onderskeiding

In die natuur is daar 'n bestendigheid in die proses. My olyfbome wat ek dophou, gaan nie skielik tamaties voortbring nie. Die bloudruk in die gemma is vasgelê.

Maar in die lente van die hart is dit anders. Ons binneste is komplekse grond. Die blote feit dat daar 'n eerste teken van ontwaking kom – daardie nuwe energie, die begeerte om iets te verander of aan te pak – beteken nie noodwendig dat dit die regte bloeisel, die regte idee, is nie ... Onderskeiding. Hoe weet ek of hierdie begeerte, hierdie plan, van God is, of bloot 'n impuls van my eie begeertes?

Ons almal kan op ons pad terugkyk met eerlike spyt. Dinge waarvan ons onself oortuig het hoe reg en nodig dit is. Ons almal weet, nie elke begeerte wat in die lente van die gemoed "blom", gaan heilsame vrug oplewer nie. Sommige bloeisels kom van donker plekke af – ons eersug, ons vrese, ons selfsug of soeke na erkenning.

Die skrywer van die Hebreërbrief praat van 'n onderskeidingsvermoë wat 'n mens kan ontwikkel deur 'n diep toewyding aan die Skrif ...

Hebreërs 5:13-14

13 ... elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is.

14 Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.

Paulus skryf oor onderskeiding in ...

Filippense 1:9-11

9 Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, 10 sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (... recognize the true value of the finer distinctions involved in Christian conduct and thus sanction them - Wuest). Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, 11 en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.

Die Griekse woorde sinspeel op die fyner aanvoeling, die ontwikkelde vermoë om te toets wat die ware waarde van iets is. Eintlik meer as om tussen goed en kwaad te kies, maar om 'n volwassenheid te ontwikkel wat kan onderskei, nie net wat goed is nie, maar wat die beste is, die hoogste goed. Dit wat werklik waarde het vir die ewigheid.

Ook sê Paulus in ...

1 Thessalonisense 5:21

Beproef alle dinge; behou die goeie.

En hy bedoel allermens “probeer alle dinge, toets dit uit en as jy agterkom dis nie goed vir jou nie, hou op daarmee.” Nee, Paulus sê dat jy dinge eers aan die toets van God se wil moet onderwerp voor jy dit hoegenaamd deel van jou lewe maak.

Wanneer daardie eerste "primordium"-stadium in my hart begin vorm, (die onsigbare begin van die bloesel) wanneer ek die eerste tekens van 'n nuwe plan of 'n nuwe rigting voel, moet

ek dit teen 'n baie spesifieke maatstaf meet. 'n Goeie vraag om te vra: "Hoe gaan hierdie vrug oor tien jaar, twintig, en veral oor 'n honderd jaar lyk?"

Die toets van die ewigheid. Baie dinge wat in die lente van ons lewens blom, lyk nou aantreklik. Kitsoplossings vir eensaamheid of vinnige sukses vir ons ambisie. Maar die dinge waarop dit "werklik aankom", soos Paulus sê, is die dinge wat hou. Vir ewig, wanneer elke aardse lente verby is.

En so waarsku die Skrif ons ook teen een van die groot "Lente-dwaashede": oorhaastigheid. Kyk na die wysheid van Spreuke ...

Spreuke 3:5-7, 14:15, 19:2-3, 21:5

5 Vertrou op die Here met jou hele hart en moenie op jou eie insig staatmaak nie. 6 Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte koers laat loop. 7 Moenie dink jy het die wysheid in pag nie ...

15 'n Onervare mens glo alles; 'n verstandige mens dink na oor elke stap wat hy doen.

2 Moenie sommer aan 'n skielike drang toegee as jy nie werklik weet wat jy doen nie, want as jy so haastig optree, kan jy 'n fout maak.

3 'n Mens kan deur sy eie dwaasheid 'n mislukking van sy lewe maak, en dan die Here die skuld daarvoor gee.

5 ... elkeen wat oorhaastig is, stuur af op gebrek.

Lente is 'n Seisoen van Onderskeiding

en

2. Lente is 'n Seisoen van Oorgawe

'n Mens moet die bloeisel aan die boom nie onderskat nie. Hulle is nie net daar vir die mooi nie; hulle het 'n kritieke biologiese funksie. Sonder daardie kleur en prag sou geen bestuiwing kon plaasvind nie. En die bloeiselfase van die hart is net so onontbeerlik. Dis die plek waar die vonk begin, die vlammetjie van nuwe lewe, nuwe rigting, nuwe oorwinnings.

En daar is altyd iets van lentebetowering wanneer 'n nuwe idee, 'n nuwe hoop, 'n nuwe uitdaging of 'n geestelike gewaarwording in jou hart ontwaak. Die euforie van moontlikhede. Sonder hierdie lentebewenisse sou ons nooit die moed gehad het om te begin nie.

En een ding van 'n droom, of 'n nuwe idee, 'n moontlikheid, 'n uitdaging, is dat dit nog geen mens ooit enigiets gekos het nie. Jy hoef geen prys te betaal vir 'n droom nie, vir selfs die grootste droom nie. Dit kos niks nie ... want dis nog net 'n droom. 'n Idee. Maar ... om meer as 'n mooi droom te word, om bewaarheid te word, het elke idee sy prys.

In die natuur leer lente ons dat so noodsaaklik as wat die bloeisel is vir die bevrugting, so noodsaaklik is dit dat die bloeisel ook tot 'n einde kom. Die oomblik wanneer die boom moet kies tussen die blom en die vrug. Die tegniese term is abscisie. Die boom sluit doelbewus die kanaaltjies na die blomblare toe sodat die energie nie meer na die blare toe gaan nie – hulle werk is gedoen – maar na die ovarium, die vrugbeginsel, wat besig is om te swel.

As bevrugting plaasgevind het, het die blomblare hulle werk gedoen, en die boom gooi hulle af. Soos 'n offer. Die blom moet sy kleurvolle blare prysgee as hy in 'n vrug wil ontwikkel. Oorgawe. Opoffering.

As die boom sou weier om sy bloeisel te laat val, sou hy nooit 'n oes kon lewer nie. Hy sou dalk vir 'n week langer mooi gelyk het, maar hy sou uiteindelik steriel gewees het.

Vir alle lewe moet iets doodgaan ...

In 'n lewe vir die Here werk dit presies so. Die "bloei-fase" van 'n droom is gevul met 'n soort moeiteloosheid. Dit voel goed, dit is opwindend, en dit kos 'n mens nog nie veel nie. Maar niks wat die moeite werd is kan verwesenlik word sonder om oor te gaan vanaf die mooi van die idee na die harde werklikheid van aksie en dissipline, die pyn om die lentebloei af te gooi.

Paulus beskryf hierdie oorgang van "bloei" na "vrug" op 'n merkwaardige manier.

Filippense 2:12-13

12 ...werk julle eie heil uit ...

it is each man's own work; no human friend, no pastor, not even an apostle, can work it for him —Spence-Jones

cultivate, carry out to the goal, and fully complete Amp

to cause a state to be—'to cause to be, to make to be, to make, to result in, to bring upon, to bring about — Greek-English lexicon of the New Testament)

... met vrees en bewing 13 want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

... carry to its ultimate conclusion ... your own salvation ... for God is the One who is constantly putting forth His energy in you, both in the form of your being desirous of and of your doing His good pleasure. (NTET)

Dis lentetaal: God is die Een wat die "vonk" in die binneste aansteek. Hy gee vir jou die "wil", die lentebetowering, die bloei, die droom, die begeerte, of selfs die gewetenswroeging, om nie te bly waar jy is nie. Die begeerte om iets nuuts, iets beters, iets groter te doen kom van Hom af. Die begeerte is mooi en dis nodig. Maar God gee nie nét die begeerte nie. As jy oorgee, gee Hy jou ook saam met die begeerte die energie om die "werk" te doen. In die oorspronklike Grieks staan daar die woord energiein — God gee die energie, die dryfkrag, vir die uitvoering.

Die oorgawe van die lente is om te sê: "Here, ek gee my nou oor aan die energiein, die krag wat nodig is vir die aksie."

Om aan jou eie verlossing te "werk", beteken in hierdie konteks om alles te doen wat nodig is om dit wat God binne-in jou as 'n begeerte, 'n wete, geplant het, te laat realiseer. As jy oorgee aan die aksie wat nodig is, sal Hy die energie verskaf.

Dit beteken dat die lente-prys wat 'n mens moet betaal, nie die dood is van die droom nie; dit is die dood van jou gemak. Om die veiligheid van die "droom-fase" te verruil vir die risiko, opoffering, en selfs pyn van die "doen-fase".

'n Idee kos niks nie, maar die uitvoering daarvan vra alles. Dit vra dat jy jou tyd opoffer, dat jy dalk jouself moet verneder, dalk jou reputasie moet waag, bereid moet wees om moeg te word. Om verneder te word. Om 'n risiko te neem. Met minder klaar te kom. Meer te gee, vir 'n verhouding om beter te word, vir 'n saak om te vorder, vir 'n talent om te ontwikkel, vir 'n probleem om opgelos te word. Die vrug sal altyd 'n prys kos.

Wanneer 'n mens die oorgang maak van "ek droom hiervan" na "ek doen dit", gebeur daar iets groter. Jy ontdek dat God nie net 'n God van idees is nie, maar 'n God wat deur jou 'n

geskiedenis wil skryf, deur jou dinge tot stand wil bring. Hy maak ons nie "bloeisel-Christene" wat net die wêreld versier met mooi bedoelings nie. Hy kan ons help dat 'n bloeisel se pad voltooi word, uitgewerk word, om vrug te word. En die vrug vereis die besluit om op te staan en die eerste tree te gee, selfs al is ek bang, selfs al voel ek onbevoeg.

Die ware oorgawe in die lente is om vir God te sê: "Ek hou op om net verlief te wees op die idee van hierdie nuwe pad. Hier is my hande, hier is my beursie, hier is my tyd. Laat die bloeiselblare val, sodat die vrug kan begin swel."

Om nie vas te hou aan blomblare van bedoelings en begeertes nie. Om oor te gee aan wat dit ook al kos dat die bloeisel 'n vrug sal word.

3. Lente is 'n Seisoen van Afhanklikheid

In die Bybelse wêreld was lente nie 'n sorgvrye seisoen nie. Lente was die "skraal seisoen".

Israel is 'n winterreënvalstreek. In herfstyd word die koring gesaai. Teen lentetyd staan dit groen op die land. Maar in lentetyd, Maart en April, is die skure waarin die vorige oes bewaar was feitlik leeg. Die bloeisel is wel aan die vrugtebome, die groen koring is wel op die land, maar die skure is byna leeg en die toekoms is onseker want die nuwe oes is nog net 'n groen belofte, 'n hoop vir die somer. Die graan en die vrugte-oes is kwesbaar.

In hierdie "skraal tyd" leef die boer met die besef: ek is nie in beheer nie. Hy kan die bome dophou soveel hy wil, maar hy kan nie die vrug uit die takke uit dwing nie, of die koring laat swel nie. Hy is geheel en al afhanklik van wat die Bybel die "laat reëns" noem.

Die "vroë reëns," herfs se reën in Oktober en November, het die grond sag gemaak, maar die "laat reëns" van die lente is wat die vrug laat uitswel en die koringkorrels vol maak. Sonder die laatreën, die lentereën, sterf die droom en begeertes en beloftes van die lente net daar in die boom en op die land.

Daar is 'n rede dat die Skrif hierdie prentjie gebruik om te praat van hoe die Here ons krag gee. Die beeld van lentereën ... die laatreëns.

Want so is 'n brose mens. Soos 'n lente sonder die waarborg van 'n somer-oes.

Kan jy onthou wat die heel eerste ding is wat Jesus gesê het in die grootste preek wat ooit gepreek is, die bergpredikasie?

Matteus 5:3

Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Twee woorde vir die armes, en so beskryf een kommentaar dit:

"The πένης (penēs) may be so poor that he earns his bread by daily labour; but the πτωχός (ptōchos) is so poor that he only obtains his living by begging. ... The πένης has nothing superfluous, the πτωχός nothing at all ..." —Spence-Jones

Jesus se eerste stelling in sy groot preek: Gelukkig is hulle wat verstaan, wat weet, hulle het absoluut niks in hulleself om werklik te kan lewe nie.

En net voor sy dood sê Jesus vir sy dissipels:

Johannes 15:4-5

Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle nie in My bly nie... sonder My kan julle niks doen nie.

“Our whole being is by its very nature one vast need; incomplete, preparatory, empty yet cluttered, crying out for Him who can untie things that are now knotted together and tie up things that are still dangling loose.” – C.S. Lewis

Gelukkig is jy as jy aan jouself dink as 'n lentebloeisel wat pas sy mooi blomblare verloor het en nou wag op die laat reëns. Gelukkig is jy as jy soos 'n koringplant is sonder koringkorrels, en weet as die laat reëns nie kom nie sal ek verdor en verbrand word.

Gelukkig is jy as jy weet jy het niks nie. Bly in My, jy kan nie vrug dra sonder My nie. Want so het Ek self geleef in hierdie wêreld ... Afhanklik.

So het Jesus oor sy eie afhanklikheid gepraat in ...

Johannes 5:19, 30, 12:49

19 Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie; want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

30 Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil seek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.

49 Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek.

En so, wat ook al 'n volgeling van die Here wil aanpak, watter voorneme, droom, begeerte, probleem, begin ons soos die lentebloeisel – eers net 'n idee, begeerte, dan laat ons die blare van begeerte alleen val, en nou is ons soos die bitter klein vrug wat weet hoe nodig ek die reën het.

Die profete belowe oor en oor dat God sulke dorstiges sal ontmoet. Sal krag gee deur sy Gees.

Joël 2:23, 28

23 En julle, kinders van Sion, juig en wees bly in die HERE julle God; want Hy gee julle die vroeë reën op regte maat en laat die reënbui op julle neerdaal, die vroeë reën en die laat reën... 28 En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees ...

Jesaja 44:3

Want Ek sal water giet op die dorsige en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou nageslag giet en my seën op jou nakomelinge.

En luister na die groot belofte aan brose lente-harte in Sagaria ...

Sagaria 10:1

Vra van die Here reën in die tyd van die laat reëns, van die Here wat die weerligte maak; en Hy sal aan hulle 'n stortreën gee ...

En dan is daar Hosea se belofte, die mees aangrypende een. Vir die wat dit begeer, sê hy, die wat dit najaag, wat God wil kén, o die laat reëns van die Gees sal na jou dorre hart toe kom ...

Hosea 6:3

Laat ons dan ken, laat ons dit najaag om die HERE te ken; sy opgang is so seker soos die dagbreek, en Hy sal tot ons kom soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei.

Wat is jou lentedors vandag? Wat weet jy moet 'n vrug word, en jy weet jy kan dit nie alleen laat gebeur nie?

Lente is die mooi seisoen. Maar dit is ook die seisoen van dors. En so, vir eeue is dit beplan, dat daar 'n lente sou kom – 'n Paaslente. Pasga in Israel is in die lente.

Dit was 'n lente Vrydag. Orals om die jong Messias was daar nuwe lewe. Blomme in die veld. Bloeisels in die boorde. En terwyl bloeisels geweet het hulle moet die mooi blomblaartjies afgooi en hoop vir die laat reëns, het die Een wat op daardie lentedag aan die kruis gehang het ook geroep, “Ek het dors.” En nie net die blare van die ewige hemelse bloeisel het geval nie, maar die jong vrug van sy heilige liggaam. Stukkend. Dood. Sodat Hy jou kan help om te leef. Dink jy Hy weet nie hoe om jou te help as jy roep na die lentereën van nuwe lewe nie? Bring jou lentehart na Hom toe.